*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer* — *Registered at the Post Office as a Newspaper*

**Prys 20c Price**
**Oorsee 30c Overseas**
**POSVRY—POST FREE**

VOL. 145] KAAPSTAD, 29 JULIE 1977 / CAPE TOWN, 29 JULY 1977 [No. 5671


DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 1361. 29 Julie 1977.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 119 van 1977: Wysigingswet op Bantoewetgewing, 1977.

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

No. 1361. 29 July 1977.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 119 of 1977: Bantu Laws Amendment Act, 1977.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



# ACT

**To repeal the Liquor Licences Ordinance, 1922, and the Liquor Licences Amendment Ordinance, 1928, of the province of the Cape of Good Hope; to amend the provisions of the Bantu Trust and Land Act, 1936, relating to the moneys to be paid into the South African Bantu Trust Fund; to amend the provisions of the Bantu (Urban Areas) Consolidation Act, 1945, in order to increase the penalties for certain offences; and to further regulate the appropriation of moneys in the Bantu beer account; to amend the provisions of the Bantu (Abolition of Passes and Co-ordination of Documents) Act, 1952, in order to provide for the issue of identity documents to foreign Bantu; and to enable the Minister of Bantu Administration and Development to make regulations; to amend the provisions of the Bantu Labour Act, 1964, in order to provide for the making of regulations relating to the compulsory provision of goods and services by employers to their Bantu employees; to amend the provisions of the Bantu Authorities' Service Pension Act, 1971, relating to the interest to be added to certain amounts; and to provide for the transfer of certain assets and liabilities of the Authorities' Service Pension Fund and the Authorities' Service Superannuation Fund to certain other provident funds; and to amend the provisions of the Bantu Affairs Administration Act, 1971, relating to pension matters of employees of Bantu Affairs Administration Boards; and to apply the Limitation of Legal Proceedings (Provincial and Local Authorities) Act, 1970, to all Bantu Affairs Administration Boards.**

*(Afrikaans text signed by the State President.)*
*(Assented to 11 July 1977.)*

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Repeal of Ordinances 7 of 1922 and 3 of 1928 of the province of the Cape of Good Hope.

**1.** The Liquor Licences Ordinance, 1922 (Ordinance No. 7 of 1922), and the Liquor Licences Amendment Ordinance, 1928 (Ordinance No. 3 of 1928), of the province of the Cape of Good Hope, are hereby repealed.

Amendment of section 8 of Act 18 of 1936, as amended by section 29 of Act 56 of 1949, section 49 of Act 92 of 1969 and section 27 of Act 20 of 1972.

**2.** Section 8 of the Bantu Trust and Land Act, 1936, is hereby amended by the insertion after paragraph *(f)* of the following paragraph:

"*(f*A*)* the amount of the value or the amount of the proceeds of the sale by the State—

(i) of land of which the Trust was the registered owner or which vested in the Trust and which became State-owned land in terms of section 2 or 3;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



# WET

**Om die Dranklicenties Ordonnantie, 1922, en die Wysigingsordonnansie op Dranklisensies, 1928, van die provinsie die Kaap die Goeie Hoop te herroep; tot wysiging van die bepalings van die Bantoetrust en -grond Wet, 1936, betreffende die gelde wat in die Suid-Afrikaanse Bantoetrustfonds gestort moet word; tot wysiging van die bepalings van die Bantoes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, ten einde die strawwe vir sekere misdrywe te verhoog; en om die besteding van geld in die Bantoebierrekening verder te reël; tot wysiging van die bepalings van die Bantoes (Afskaffing van Passe en Koördinering van Dokumente) Wet, 1952, ten einde voorsiening te maak vir die uitreiking van herkenningsbewyse aan vreemde Bantoes; en om die Minister van Bantoeadministrasie en -ontwikkeling te magtig om regulasies uit te vaardig; tot wysiging van die bepalings van die Wet op Bantoe-arbeid, 1964, ten einde voorsiening te maak vir die uitvaardiging van regulasies betreffende die verpligte verskaffing van goedere en dienste deur werkgewers aan hulle Bantoewerknemers; tot wysiging van die bepalings van die Wet op Pensioene vir Bantoeowerheidsdiens, 1971, betreffende die rente wat by sekere bedrae gevoeg moet word; en om voorsiening te maak vir die oordrag van sekere bates en verpligtinge van die Owerheidsdienspensioenfonds en die Owerheidsdienssuperannuasiefonds na sekere ander voorsieningsfondse; en tot wysiging van die bepalings van die Wet op die Administrasie van Bantoesake, 1971, betreffende pensioenaangeleenthede van werknemers van Bantoesakeadministrasierade; en om die Wet op die Beperking van Regsgedinge (Provinsiale en Plaaslike Besture), 1970, op alle Bantoesake-administrasierade van toepassing te maak.**

*(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 11 Julie 1977.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**1.** Die Dranklicenties Ordonnantie, 1922 (Ordonnansie No. 7 van 1922), en die Wysigingsordonnansie op Dranklisensies, 1928 (Ordonnansie No. 3 van 1928), van die provinsie die Kaap die Goeie Hoop, word hierby herroep.

Herroeping van Ordonnansies 7 van 1922 en 3 van 1928 van die provinsie die Kaap die Goeie Hoop.

**2.** Artikel 8 van die Bantoetrust en -grond Wet, 1936, word hierby gewysig deur die volgende paragraaf na paragraaf *(f)* in te voeg:

Wysiging van artikel 8 van Wet 18 van 1936, soos gewysig deur artikel 29 van Wet 56 van 1949, artikel 49 van Wet 92 van 1969 en artikel 27 van Wet 20 van 1972.

„*(f*A) die bedrag van die waarde of die bedrag van die opbrengs van die verkoop deur die Staat—

(i) van grond waarvan die Trust die geregistreerde eienaar was of wat op die Trust oorgegaan het en wat ingevolge artikel 2 of 3 Staatsgrond geword het;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(ii) of land which was or could have been expropriated in terms of section 13 (2) unless the Minister of Finance after consultation with the Minister of Agriculture and the Minister determines otherwise;".

Amendment of section 10 of Act 25 of 1945, as substituted by section 27 of Act 54 of 1952 and amended by section 5 of Act 16 of 1955, section 30 of Act 36 of 1957 and section 47 of Act 42 of 1964.

**3.** Section 10 of the Bantu (Urban Areas) Consolidation Act, 1945, is hereby amended by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) Any person who contravenes any provision of this section, or who remains in any area for a purpose other than that for which permission so to remain has been granted to him, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding one hundred rand or in default of payment to imprisonment for a period not exceeding three months or to both such fine and such imprisonment or to such imprisonment without the option of a fine.".

Amendment of section 10*bis* of Act 25 of 1945, as substituted by section 48 of Act 42 of 1964.

**4.** Section 10*bis* of the Bantu (Urban Areas) Consolidation Act, 1945, is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) Any person who contravenes any provision of subsection (1), shall be guilty of an offence and liable on first conviction to a fine not exceeding one hundred rand or in default of payment to imprisonment for a period not exceeding three months and on a second or subsequent conviction for a like offence in the same prescribed area within a period of two years, to a fine of not less than one hundred rand or in default of payment to imprisonment for a period of not less than three months or to both such fine and such imprisonment or to such imprisonment without the option of a fine.".

Amendment of section 19 of Act 25 of 1945, as amended by section 1 of Act 43 of 1945, section 34 of Act 54 of 1952, section 10 of Act 64 of 1952, section 8 of Act 16 of 1955, section 35 of Act 36 of 1957, section 11 of Act 53 of 1957, section 11 of Act 79 of 1961, section 20 of Act 63 of 1962, section 55 of Act 42 of 1964, section 8 of Act 19 of 1970 and section 9 of Act 29 of 1972.

**5.** Section 19 of the Bantu (Urban Areas) Consolidation Act, 1945, is hereby amended by the deletion of paragraph *(c)* of subsection (3).

Amendment of section 43*sept* of Act 25 of 1945, as inserted by section 73 of Act 42 of 1964.

**6.** Section 43*sept* of the Bantu (Urban Areas) Consolidation Act, 1945, is hereby amended by the substitution for paragraph *(a)* of subsection (2) of the following paragraph:

"*(a)* Any person who contravenes any provision of subsection (1), shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding five hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding six months, and in addition a sum of money equal to the sum of money proved to have been paid to such person in contravention of the said subsection shall be declared by the court convicting such person to be forfeited to the State.".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(ii) van grond wat ingevolge artikel 13 (2) onteien is of kon word tensy die Minister van Finansies na oorleg met die Minister van Landbou en die Minister anders bepaal;".

Wysiging van artikel 10 van Wet 25 van 1945, soos vervang deur artikel 27 van Wet 54 van 1952 en gewysig deur artikel 5 van Wet 16 van 1955, artikel 30 van Wet 36 van 1957 en artikel 47 van Wet 42 van 1964.

**3.** Artikel 10 van die Bantoes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, word hierby gewysig deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

„(4) Iemand wat 'n bepaling van hierdie artikel oortree, of wat in 'n gebied bly vir 'n ander doel as dié waarvoor vergunning om aldus te bly aan hom verleen is, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens honderd rand of by wanbetaling met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf of met daardie gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete.".

Wysiging van artikel 10*bis* van Wet 25 van 1945, soos vervang deur artikel 48 van Wet 42 van 1964.

**4.** Artikel 10*bis* van die Bantoes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

„(2) Iemand wat 'n bepaling van subartikel (1) oortree, is aan 'n misdryf skuldig en by 'n eerste skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens honderd rand of by wanbetaling met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande en by 'n tweede of latere skuldigbevinding aan 'n soortgelyke oortreding in dieselfde voorgeskrewe gebied, binne 'n tydperk van twee jaar, met 'n boete van minstens honderd rand of by wanbetaling met gevangenisstraf vir 'n tydperk van minstens drie maande, of met sowel sodanige boete as sodanige gevangenisstraf, of met sodanige gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete.".

Wysiging van artikel 19 van Wet 25 van 1945, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 43 van 1945, artikel 34 van Wet 54 van 1952, artikel 10 van Wet 64 van 1952, artikel 8 van Wet 16 van 1955, artikel 35 van Wet 36 van 1957, artikel 11 van Wet 53 van 1957, artikel 11 van Wet 79 van 1961, artikel 20 van Wet 63 van 1962, artikel 55 van Wet 42 van 1964, artikel 8 van Wet 19 van 1970 en artikel 9 van Wet 29 van 1972.

**5.** Artikel 19 van die Bantoes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, word hierby gewysig deur paragraaf *(c)* van subartikel (3) te skrap.

Wysiging van artikel 43*sept* van Wet 25 van 1945, soos ingevoeg deur artikel 73 van Wet 42 van 1964.

**6.** Artikel 43*sept* van die Bantoes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, word hierby gewysig deur paragraaf *(a)* van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

„*(a)* Iemand wat 'n bepaling van subartikel (1) oortree, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyfhonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande, en daarbenewens word 'n bedrag geld gelyk aan die som geld wat, na bewys is, strydig met die bepalings van subartikel (1) aan daardie persoon betaal is, deur die hof wat daardie persoon skuldig bevind, aan die Staat verbeurd verklaar.".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





Amendment of section 3 of Act 67 of 1952, as amended by section 12 of Act 79 of 1957, section 15 of Act 76 of 1963 and section 84 of Act 42 of 1964.

**7.** Section 3 of the Bantu (Abolition of Passes and Co-ordination of Documents) Act, 1952, is hereby amended by the deletion of paragraph *(c)* of subsection (1)*bis*.

Amendment of section 12 of Act 67 of 1952, as amended by section 21 of Act 79 of 1957, section 22 of Act 76 of 1963 and section 86 of Act 42 of 1964.

**8.** (1) Section 12 of the Bantu (Abolition of Passes and Co-ordination of Documents) Act, 1952, is hereby amended by the substitution in subsection (1) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"(1) The Minister may make regulations as to—".

(2) Any regulation made before the commencement of this Act under the provisions of section 12 of the Bantu (Abolition of Passes and Co-ordination of Documents) Act, 1952, shall be deemed to have been made under the provisions of the said section 12 as amended by subsection (1).

Amendment of section 28 of Act 67 of 1964, as amended by section 15 of Act 19 of 1970 and section 15 of Act 70 of 1974.

**9.** Section 28 of the Bantu Labour Act, 1964, is hereby amended by the insertion after paragraph *(h)* of subsection (1) of the following paragraph:

"*(h*A) the compulsory provision of any goods or service by employers to their Bantu employees, and the recovery of the cost of such goods or service by way of deduction from the wages of such employees.".

Amendment of section 3 of Act 6 of 1971, as amended by section 23 of Act 4 of 1976.

**10.** Section 3 of the Bantu Authorities' Service Pension Act, 1971, is hereby amended by the substitution for paragraph *(c)* of subsection (7) of the following paragraph:

"*(c)* interest at the rate of five and one-half per cent per annum, compounded annually on the thirty-first day of March and calculated from the date on which such person becomes liable to contribute to the pension fund or the superannuation fund, as the case may be, up to the date of payment of such amount, shall be added to an amount payable in terms of paragraph *(b)*.".

Insertion of section 4A in Act 6 of 1971.

**11.** The following section is hereby inserted in the Bantu Authorities' Service Pension Act, 1971, after section 4:

"Transfer of assets and liabilities of pension fund or superannuation fund to certain other pension funds, superannuation funds or provident funds.

**4A.** Notwithstanding anything to the contrary contained in any law the Minister may, in consultation with the Minister of Finance, direct that such portion as he may determine of the assets and liabilities of the pension fund and the superannuation fund be transferred, as from a date fixed by him, to any pension, superannuation or other provident fund—

*(a)* established in respect of persons in the employ of any authority; and

*(b)* of which members of the pension fund or superannuation fund are to become members as from a fixed date.".

Amendment of section 10 of Act 45 of 1971, as amended by section 42 of Act 62 of 1973.

**12.** (1) Section 10 of the Bantu Affairs Administration Act, 1971, is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (4) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"Notwithstanding anything to the contrary contained in any law or in the rules governing any municipal pension fund, but subject to the provisions of subsection (18)—";

*(b)* by the substitution for paragraphs *(c)*, *(c*A) and *(d)* of subsection (4) of the following paragraphs:

"*(c)* there shall, in respect of any person so deemed so to have elected, be paid to the pension fund so established, out of the said municipal pension fund,

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



7. Artikel 3 van die Bantoes (Afskaffing van Passe en Koördinering van Dokumente) Wet, 1952, word hierby gewysig deur paragraaf *(c)* van subartikel (1)*bis* te skrap.

Wysiging van artikel 3 van Wet 67 van 1952, soos gewysig deur artikel 12 van Wet 79 van 1957, artikel 15 van Wet 76 van 1963 en artikel 84 van Wet 42 van 1964.

8. (1) Artikel 12 van die Bantoes (Afskaffing van Passe en Koördinering van Dokumente) Wet, 1952, word hierby gewysig deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

„(1) Die Minister kan regulasies uitvaardig met betrekking tot—".

(2) 'n Regulasie wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet kragtens die bepalings van artikel 12 van die Bantoes (Afskaffing van Passe en Koördinering van Dokumente) Wet, 1952, uitgevaardig is, word geag uitgevaardig te gewees het kragtens die bepalings van bedoelde artikel 12 soos gewysig deur subartikel (1).

Wysiging van artikel 12 van Wet 67 van 1952, soos gewysig deur artikel 21 van Wet 79 van 1957, artikel 22 van Wet 76 van 1963 en artikel 86 van Wet 42 van 1964.

9. Artikel 28 van die Wet op Bantoe-arbeid, 1964, word hierby gewysig deur die volgende paragraaf na paragraaf *(h)* van subartikel (1) in te voeg:

„*(h*A*)* die verpligte verskaffing van enige goedere of diens deur werkgewers aan hulle Bantoewerknemers en die verhaal van die koste van sodanige goedere of diens by wyse van aftrekking van die lone van sodanige werknemers;".

Wysiging van artikel 28 van Wet 67 van 1964, soos gewysig deur artikel 15 van Wet 19 van 1970 en artikel 15 van Wet 70 van 1974.

10. Artikel 3 van die Wet op Pensioene vir Bantoe-owerheidsdiens, 1971, word hierby gewysig deur paragraaf *(c)* van subartikel (7) deur die volgende paragraaf te vervang:

„*(c)* by 'n bedrag ingevolge paragraaf *(b)* betaalbaar, rente gevoeg teen vyf en 'n half persent per jaar, jaarliks saamgestel op die een-en-dertigste dag van Maart en bereken vanaf die datum waarop so iemand onder verpligting kom om by te dra tot die pensioenfonds of die superannuasiefonds, na gelang van die geval, tot op die datum van betaling van sodanige bedrag.".

Wysiging van artikel 3 van Wet 6 van 1971, soos gewysig deur artikel 23 van Wet 4 van 1976.

11. Die volgende artikel word hierby in die Wet op Pensioene vir Bantoe-owerheidsdiens, 1971, na artikel 4 ingevoeg:

Invoeging van artikel 4A in Wet 6 van 1971.

„Oordrag van bates en verpligtinge van pensioenfonds of superannuasiefonds na sekere ander pensioenfondse, superannuasiefondse of voorsorgfondse.

**4A.** Ondanks andersluidende wetsbepalings kan die Minister, in oorleg met die Minister van Finansies, gelas dat die gedeelte wat hy bepaal van die bates en verpligtinge van die pensioenfonds of die superannuasiefonds, vanaf 'n datum wat hy bepaal, oorgedra word na 'n pensioenfonds, superannuasiefonds of voorsorgfonds—

*(a)* wat ingestel word ten opsigte van persone wat in diens is by 'n owerheid; en

*(b)* waarvan lede van die pensioenfonds of die superannuasiefonds vanaf 'n bepaalde datum lede moet word.".

12. (1) Artikel 10 van die Wet op die Administrasie van Bantoesake, 1971, word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (4) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

„Ondanks andersluidende bepalings van 'n wet of van die reëls op 'n munisipale pensioenfonds, maar behoudens die bepalings van subartikel (18)—";

*(b)* deur paragrawe *(c)*, *(c*A*)* en *(d)* van subartikel (4) deur die volgende paragrawe te vervang:

„*(c)* word daar, ten opsigte van iemand wat aldus geag word aldus te gekies het, aan die aldus ingestelde pensioenfonds uit genoemde munisipale pensioen-

Wysiging van artikel 10 van Wet 45 van 1971, soos gewysig deur artikel 42 van Wet 62 van 1973.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



an amount equal to the interest of the person concerned in the assets of the said municipal pension fund as calculated by the actuary of the said municipal pension fund in consultation with any other actuary designated for the purposes of this paragraph by the Minister of Social Welfare and Pensions or by any officer in the Department of Social Welfare and Pensions designated by the said Minister;

*(c*A*)* if the amount of the interest calculated in terms of paragraph *(c)* is less than the amount which, in terms of the regulations in force under the said Act, is payable to the pension fund so established in respect of the pensionable service of such person referred to in paragraph *(b)*, the deficit shall be paid to that pension fund out of the State Revenue Fund;

*(c*B*)* there shall be added to any amount payable in terms of paragraph *(c)* or *(c*A*)* interest at the rate of five per cent per annum, compounded annually on 31 March and calculated from the date on which, in accordance with paragraph *(a)* or in accordance with subsection (8) *(a)*, as the case may be, the person concerned becomes a member of and contributes to the pension fund so established, up to the date on which the said amount is paid to such fund in terms of paragraph *(c)* or *(c*A*)*: Provided that if the total amount payable in terms of paragraph *(c)* is not paid in one sum, the rate at which interest is payable on such portion of the said total amount as may be determined by the Minister of Social Welfare and Pensions or by an officer in the Department of Social Welfare and Pensions designated by the said Minister for such purpose, shall be six per cent per annum;

*(d)* there shall, in the case of any person to whom paragraph *(b)* applies and who is subsequently directly appointed in the service of any local authority, be added to the aggregate of the amounts which may in terms of the regulations under the said Act be paid in respect of such appointment—

(i) an amount equal to the interest calculated in terms of paragraph *(c)*; and

(ii) interest at the rate of five per cent per annum, compounded annually on 31 March, on the amount referred to in subparagraph (i), and calculated in respect of the period from the date on which such person, in accordance with paragraph *(a)* or in accordance with subsection (8) *(a)*, as the case may be, became a member of and contributed to the pension fund so established, up to the date on which the said amount is paid to the municipal pension fund in question:

Provided that such aggregate shall be calculated in respect of the period from the date on which such person so became a member of and contributed to the pension fund so established, up to the date of such direct appointment;";

*(c)* by the addition of the following subsection:

"(18) The provisions of subsection (4) *(b)*, *(c)*, *(c*A*)*, *(c*B*)*, *(d)* and *(e)* shall not apply in respect of any person appointed under subsection (1) as from any date after 31 December 1977.".

(2) Subsection (1) shall be deemed to have come into operation on 27 June 1973.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



fonds 'n bedrag betaal gelyk aan die belang van die betrokke persoon in die bates van die genoemde munisipale pensioenfonds soos bereken deur die aktuaris van die genoemde munisipale pensioenfonds in oorleg met 'n ander aktuaris wat vir die doeleindes van hierdie paragraaf aangewys word deur die Minister van Volkswelsyn en Pensioene of deur 'n beampte in die Departement van Volkswelsyn en Pensioene wat deur bedoelde Minister aangewys word;

*(c*A*)* indien die bedrag van die belang ingevolge paragraaf *(c)* bereken minder is as die bedrag wat, ingevolge die regulasies kragtens daardie Wet van krag, aan die pensioenfonds aldus ingestel, betaalbaar is ten opsigte van die in paragraaf *(b)* bedoelde pensioengewende diens van sodanige persoon, word die tekort uit die Staatsinkomstefonds aan daardie pensioenfonds betaal;

*(c*B*)* word daar by die bedrag wat ingevolge paragraaf *(c)* of *(c*A*)* betaalbaar is, rente gevoeg teen die koers van vyf persent per jaar, jaarliks saamgestel op 31 Maart en bereken vanaf die datum waarop die betrokke persoon ooreenkomstig paragraaf *(a)* of ooreenkomstig subartikel (8) *(a)*, na gelang van die geval, 'n lid word van en bydra tot die aldus ingestelde pensioenfonds tot op die datum waarop bedoelde bedrag ingevolge paragraaf *(c)* of *(c*A*)* aan daardie fonds betaal word: Met dien verstande dat indien die totale bedrag wat ingevolge paragraaf *(c)* betaalbaar is nie in 'n enkele bedrag betaal word nie, die koers waarteen rente betaalbaar is op dié gedeelte van bedoelde totale bedrag wat bepaal word deur die Minister van Volkswelsyn en Pensioene of 'n beampte in die Departement van Volkswelsyn en Pensioene wat bedoelde Minister vir daardie doel aanwys, ses persent per jaar is;

*(d)* word daar, in die geval van iemand op wie paragraaf *(b)* van toepassing is en wat later regstreeks aangestel word in die diens van 'n plaaslike bestuur, by die totaalbedrag van die bedrae wat, ingevolge die regulasies kragtens genoemde Wet ten opsigte van sodanige aanstelling bepaal kan word, gevoeg—

(i) 'n bedrag gelyk aan die belang ingevolge paragraaf *(c)* bereken; en

(ii) rente teen die koers van vyf persent per jaar, jaarliks saamgestel op 31 Maart, op die bedrag in subparagraaf (i) genoem, en bereken ten opsigte van die tydperk vanaf die datum waarop so iemand ooreenkomstig paragraaf *(a)* of ooreenkomstig subartikel (8) *(a)*, na gelang van die geval, 'n lid geword het van en bygedra het tot die aldus ingestelde pensioenfonds, tot op die datum waarop bedoelde bedrag aan die betrokke munisipale pensioenfonds betaal word:

Met dien verstande dat sodanige totaalbedrag bereken word ten opsigte van die tydperk vanaf die datum waarop so iemand aldus 'n lid geword het van en bygedra het tot die aldus ingestelde pensioenfonds, tot op die datum van sodanige regstreekse aanstelling;";

*(c)* deur die volgende subartikel by te voeg:

„(18) Die bepalings van subartikel (4) *(b)*, *(c)*, *(c*A*)*, *(c*B*)*, *(d)* en *(e)* is nie van toepassing ten opsigte van iemand wat vanaf 'n datum na 31 Desember 1977 kragtens subartikel (1) aangestel word nie.".

(2) Subartikel (1) word geag op 27 Junie 1973 in werking te getree het.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



Insertion of section 24A in Act 45 of 1971.

**13.** The following section is hereby inserted in the Bantu Affairs Administration Act, 1971, after section 24:

"Application of Act 94 of 1970 to boards.

**24A.** For the purposes of the Limitation of Legal Proceedings (Provincial and Local Authorities) Act, 1970 (Act No. 94 of 1970), a board shall be deemed to be a 'local authority' as defined in section 1 of the said Act.".

Short title.

**14.** This Act shall be called the Bantu Laws Amendment Act, 1977.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



Invoeging van artikel 24A in Wet 45 van 1971.

**13.** Die volgende artikel word hierby in die Wet op die Administrasie van Bantoesake, 1971, na artikel 24 ingevoeg:

„Toepassing van Wet 94 van 1970 op rade.

**24A.** By die toepassing van die Wet op Beperking van Regsgedinge (Provinsiale en Plaaslike Besture), 1970 (Wet No. 94 van 1970), word 'n raad geag 'n ,plaaslike bestuur' te wees soos omskryf in artikel 1 van daardie Wet.''.

Kort titel.

**14.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Bantoewetgewing, 1977.